FAKS (0536912) 242
(0536912) 1 of 4
8

Munisipaliteit van Richmond, K.P.

FINIS CORONAT OPUS

FAX (0536912) 242
(0536912) 1 or 4
8

Municipality of Richmond, C.P.

Rig Kommunikasies aan die Stadsklerk.
Address Communications to the Town Clerk.

RICHMOND
Kaap – Cape
7010

JVW/jf/93/95
21 Februarie 1995

Vir aandag: Mnr. Upton

Departement van Finansies
Leningsfonds vir Plaaslike Owerhede
Privaatsak X805
**PRETORIA**
0001

Meneer

**<u>SKULDBEWYS : RICHMOND NOORD-KAAP</u>**

Aangeheg vind u die getekende skuldbewys soos telefonies bespreek is.

Baie dankie by voorbaat.

Die uwe

J van Wyk

**J VAN WYK**
**UITVOERENDE HOOF/STADSKLERK**

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Leningno 1543509

SKULDBEWYS INGEVOLGE DIE WET OP DIE LENINGSFONDS VIR PLAASLIKE BESTURE, 1984
(WET NO 67 VAN 1984)

Ons, die ondergetekendes, in ons hoedanighede van onderskeidelik Burgemeester en Stadsklerk van die munisipaliteit Richmond KP en behoorlik daartoe gemagtig, erken hiermee

(a) dat die genoemde plaaslike owerheid van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture die som van R 1695100,00 (Een ses nege vyf een nul nul Rand) ontvang het synde die kapitale bedrag van 'n lening deur die Raad van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture kragtens die bepalings van die Wet op die Leningsfonds vir Plaaslike Besture, 1984 (Wet No 67 van 1984), aan die genoemde plaaslike owerheid toegestaan vir 'n tydperk van 20 jaar wat eindig op 30/6/2015;

(b) dat die genoemde plaaslike owerheid ten volle bewus is van die voorwaardes waarop die lening toegestaan is, soos meer ten volle uiteengesit in die leningsaanbod FS2/6/2-R6 gedateer 3/12/1993;

(c) dat die lening toegestaan is vir doeleindes van riolering;

(d) dat die kapitale bedrag van die lening, soos van tyd tot tyd uitstaande, rente dra teen 'n vaste rentekoers van 13,22% per jaar;

(e) dat die bedrag van die lening aan die Raad terugbetaalbaar is in halfjaarlikse paaiemente ooreenkomstig die voorwaardes vervat in die voormelde leningsaanbod;

(f) dat die bedrag van die lening uitsluitlik vir die doeleindes soos voormeld aangewend mag word, by gebreke waarvan die volle uitstaande bedrag met rente onmiddellik betaalbaar sal word;

en ons beloof hiermee in ons voormelde hoedanighede ten behoewe van die gemelde plaaslike owerheid om

(g) die bedrag van die lening uitsluitlik aan te wend vir die doeleindes voormeld;

(h) die voormelde rente en kapitaal halfjaarliks op 30 Junie en 31 Desember te betaal.

*Ons bevestig verder dat indien enige bedrag nie op die vervaldatum betaal word nie, die volle uitstaande bedrag tesame met rente onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.*

GETUIE: ..............................

GETUIE: ..............................

PLEK: ..............................

DATUM: ...14-?-95.....

..............................
BURGEMEESTER/~~VOORSITTER~~

..............................
STADSKLERK/SEKRETARIS

*(LLF1005\A:\WP51)*

DEPARTEMENT VAN FINANSIES • DEPARTMENT OF FINANCE

LENINGSFONDS VIR PLAASLIKE BESTURE

LOCAL AUTHORITIES LOANS FUND

NAVRAE • ENQUIRIES N MAREE
VERW. • REF. FS2/6/2-R6
DATUM • DATE 3 Desember 1993

Die Stadsklerk
Posbus 8
RICHMOND
7010

Meneer

LENINGNO 1543509 VIR R1 695 100 TEN OPSIGTE VAN RIOLERING

1. U leningsaansoek JVW/jf/431/93 van 2 November 1993 verwys.

2. Ek wens u mee te deel dat u aansoek om bogemelde lening kragtens die Wet op die Leningsfonds vir Plaaslike Besture, 1984 deur die Raad van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture goedgekeur is vir die doel van riolering.

3. Die terme en voorwaardes van die lening is soos volg:

   (a) Tydperk van terugbetaling - 20 jaar.

   (b) Terugbetaalbaar op 30 Junie en 31 Desember in 40 half-jaarlikse paaiemente van R121 430,59 wat kapitaal en rente teen 13,22% per jaar insluit. Die datum van terugbetaling van die eerste paaiement sal deur die Raad vasgestel word, nadat die lening ten volle opgeneem is. Intussen is voorlopige rente teen 13,22% per jaar op voorskotte betaalbaar. Betaling moet by die Raad se kantore, K2503, Vermeulenstraat 240, Pretoria geskied. (Privaatsak X805, Pretoria, 0001).

   (c) Die lening moet binne 12 maande na die datum van hierdie skrywe ten volle opgeneem word, maar die trekkingstermyn mag vir 'n verdere twaalf maande verleng word indien die voornoemde Raad voor die verstryking van bovermelde tydperk, skriftelik van bevredigende redes voorsien word waarom dit nie binne die eerste 12 maande opgeneem kan word nie.

   (d) Die lening sal by wyse van voorskotte en namate die werk vorder, op aanvraag uitbetaal word (behalwe Junie en Desember - voorskotte sal slegs uitbetaal word tot en met 23 Mei en 21 November onderskeidelik).

TEL: (012) 315-5111 FAX (012) 323-1585 Privaatsak • Private Bag X805, Pretoria 0001

(e) *Geen vorige lening vir dieselfde projek mag voorheen vanaf die Fonds verkry gewees het nie, by gebreke waarvan die volle bedrag plus rente verskuldig, onmiddellik betaalbaar sal word.*

(f) *By aanvaarding van hierdie aanbod, moet pertinent aangedui word of leningsbevoegdheid wel verkry is. 'n Afskrif van die leningsbevoegdheid moet u aanvaardingsbrief vergesel en indien geen leningsbevoegdheid benodig word nie, moet dit as sulks aangedui word.*

(g) *Indien 'n paaiement nie op vervaldag betaal is nie, sal rente teen 1,5% per maand of 'n gedeelte van 'n maand op die uitstaande bedrag betaalbaar word.*

(h) *U kies as u domicilium citandi et executandi en vir alle kennisgewings en vir die betekening van enige regsproses, die volgende adres:*

*Munisipale Kantoor*
*Loopstraat*
*RICHMOND*

(i) *'n Sertifikaat uitgereik deur die Sekretaris van die Raad van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture waarin die bedrag wat verskuldig is aangedui word, sal as prima facie bewys dien van die bedrag aldus verskuldig.*

(j) *'n Skuldbewys wat later verskaf sal word, moet deur gemagtigde persone van u Raad onderteken word sodra die laaste trekking gemaak is.*

4. *Ten einde die Leningsfonds in staat te stel om sy kontantvloeibehoeftes te bepaal, moet die aangehegte bylae voltooi word, en tesame met u aanvaarding teruggestuur word.*

5. *Indien voormelde voorwaardes vir u Raad aanvaarbaar is, geliewe hierdie Ooreenkoms in tweevoud te onderteken en een kopie so spoedig moontlik aan hierdie kantoor terug te stuur.*

*Die uwe*

*SEKRETARIS*
*LENINGSFONDS VIR PLAASLIKE BESTURE*

MUNISIPALITEIT
TEL. 1 POSBUS 8
24 JAN 1994
RICHMOND, C.P./K.P. 7010
MUNICIPALITY

*Leningsvoorwaardes Aanvaar*

..............................
*Munisipaliteit Richmond* BURGEMEESTER

24/01/94
..............................
*Datum*

*(LLF1000/A:\WP(1))*

T. UPTON

Tel. 283766

Staatskuldkommissarisse
Public Debt Commissioners
Privaatsak X187
Private Bag X187

PRETORIA 0001

L.L.

Datum
Date 82/02/25

DIE STADSKLERK
POSBUS 8
7010 RICHMOND

Meneer
Sir

LENING
LOAN NO 1543508 VIR
FOR R 29 000,00 TEN OPSIGTE VAN
IN RESPECT OF RIOOLWERK EN SANITASIE
U VERW.
YOUR REF. GEDATEER
DATED 81/11/05

1. Ek wens u mee te deel dat die Staatskuldkommissarisse bogemelde lening kragtens die Plaaslike Leningswet 1926, goedgekeur het.
I have to inform you that the Public Debt Commissioners have in terms of the Local Loans Act, 1926, approved of the abovementioned loan.

2. Die voorwaardes en bedinge van die lening is soos volg:
The terms and conditions of the loan are as follows:
   (a) Tydperk van terugbetaling 7 jaar.
   Period of repayment 7 years.
   (b) Terugbetaalbaar op 30 Junie en 31 Desember in 14 half-jaarlikse paaiemente van 3 261,57 wat kapitaal en rente teen 13,450 per
   Repayable on 30 June and 31 December in 14 half-yearly instalments of R 3 261,57 which include capital and interest at 13,450 %
   van terugbetaling van die eerste paaiement sal vasgestel word nadat die lening ten volle opgeneem is. Intussen is voorlopige rente teen ... op voorskotte betaal
   payment of the first instalment will be determined after the loan has been paid out, but in the meantime preliminary interest at ... % per annum will be
   (c) Minstens 'n gedeelte van die lening moet binne 12 maande en die restant binne drie jaar na die datum van hierdie skrywe opgeneem word.
   At least a portion of the loan must be drawn within 12 months and the balance taken up within three years from the date of this letter.
   (d) Die lening sal by wyse van voorskotte en namate die werk vorder, op aanvraag uitbetaal word (behalwe Junie en Desember).
   The loan will be paid out by way of advances on requisition, as the work proceeds (except during June and December).
   (e) Geen verdere lening mag sonder die toestemming van die Kommissarisse aangegaan word nie.
   No further loan may be raised without the consent of the Commissioners.
   (f) 'n Skuldbewys, wat later verskaf sal word, moet namens u Raad onderteken word sodra die laaste voorskot gemaak is.
   An acknowledgement of debt, which will be supplied later, must be signed on behalf of your Council when the last advance is made.

3. Geliewe my in kennis te stel of voormelde voorwaardes vir u Raad aanvaarbaar is.
Kindly advise me whether the aforementioned conditions are acceptable to your Council.

Die uwe
Yours faithfully

H. A. J. VAN RENSBURG
Sekretaris: Staatskuldkommissarisse
Secretary: Public Debt Commissioners

Die Direkteur van Plaaslike Bestuur / The Director of Local Government

Die Provinsiale Sekretaris / The Provincial Secretary
POSBUS 659
KAAPSTAD
8000

Die Provinsiale Ouditeur / The Provincial Auditor
POSBUS 110
KAAPSTAD
8000

G.P.-S. (F-B)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LENING / LOAN No. 1543508

# STAATSKULDKOMMISSARISSE — PUBLIC DEBT COMMISSIONERS
## SKULDEBEWYS INGEVOLGE DIE PLAASLIKE LENINGSWET, 1926 (WET 19 VAN 1926)
## ACKNOWLEDGMENT OF DEBT UNDER THE LOCAL LOANS ACT, 1926 (ACT 19 OF 1926

Ons, die ondergetekendes, in ons hoedanigheid van onderskeidelik
We, the undersigned, in our capacity as BURGEMEESTER
en / and STADSKLERK van die / respectively of the MUNISIPALITEIT RICHMOND
erken dat ons van die Staatskuldkommissarisse van die Republiek van Suid-Afrika die som van
acknowledge that we have received from the Public Debt Commissioners of the Republic of South Africa the sum of R 29 000,00 NEGE-E
TIG DUISEND RAND EN NUL SENT
ontvang het synde die bedrag van 'n lening toegestaan deur genoemde Staatskuldkommissarisse vir 'n tydperk van
) being the amount of a loan granted by the said Public Debt Commissioners for a period of SEWE
gereken vanaf / reckoned from 1 JULIE 1982 kragtens die bepalings, en op die terme en voorwaardes van die Plaaslike Leningswet, No. 19 van 1926, vir die doel van
under the provisions and on the terms and conditions of the Local Loans Act, No. 19 of 1926, for the purpose of
RIOOLWERK EN SANITASIE en in ons genoemde hoedanigheid onderneem ons hierby om die bedrag van di
uitsluitlik vir genoemde doel te gebruik.
and in our said capacity we hereby undertake that the amount of the said loa
exclusively to the purpose specified.
Ons onderneem ook ten behoewe van die genoemde Plaaslike Owerheid om die bedrag van die genoemde lening aan genoemde Staatskuldkommissarisse terug te betaal deur middel van
Further we hereby undertake on behalf of the said Local Authority to repay the amount of the said loan to the said Public Debt Commissioners by means of
VEERTIEN halfjaarlikse paaiemente (met inbegrip van die kapitaal en rente teen 'n rentekoers van 13,4509 persent per jaar) van
half-yearly instalments (to include principal and interest at the rate of 13,4509 per cent per annum) of R 3 261,
(sê / say) DRIE DUISEND TWEE HONDERD EEN-EN-SESTIG RAND DRIE-EN-VYFTIG SENT
en om die eerste sodanige paaiement te betaal op die / the first payment of which shall be made on the 31 STE dag van / day of DESEMBER 1982 en op elke / and on each and every 30 STE
van / of JUNIE en / and 31 STE dag van / day of DESEMBER van elke jaar daarna totdat die volle bedrag van die genoemde lening vereffen is.
of each and every year thereafter until the full amount of the said loan is repaid.
'n Voorwaarde van die genoemde lening is dat geen ander lening deur die genoemde Plaaslike Owerheid van enige ander bron sonder die toestemming van die genoemde Staats
verkry mag word nie.
It is a condition of the said loan that no further loan may be obtained by the said Local Authority from any other source, without the consent of the Public Debt Commissioners.

GETUIE / WITNESS ..............

Burgemeester—Voorsitter
Mayor—Chairman

GETUIE / WITNESS ..............

Stadsklerk—Sekretaris
Town Clerk—Secretary

Plek / Place: Richmond KP

Datum / Date: 26/03/82